19/01/25

"Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: "Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Hy is die Een van wie ek gesê het, 'Ná my kom 'n Man wat belangriker as ek is, omdat Hy voor my was.'
Johannes 1:29-30

Christus neem ons die wildernis in om ons vry te maak van die druk om onsself te bewys, sodat ons deur net onsself te wees, met ons hele self in Sy rigting sal wys.

Wie is jy?
In sy boek Falling Upward kom Richard Rohr tot 'n eenvoudige slotsom: Die lewe van 'n mens het twee helftes. Gedurende die eerste helfte van jou lewe probeer jy dié vraag beantwoord: *Wie is jy?* Hy noem dit die houer vir jou menswees en die fondasie vir jou huis.

Bly dit onbeantwoord, val 'n mens vas in onskerheid, jaloesie, moralisme, kompetisie, en die najaag van status en erkenning.

Johannes die Doper word gekonfronteer met die eerste lewensvraag wanneer die skrifgeleerdes probeer om vir hom die leviete voor te lees (Joh 1:18-23). Saam met hulle polsende vrae kom daar 'n aanloklike uitnoding: *Om iemand te wees wie hy nie is nie ter wille van status, sukses en populariteit.*

Sy antwoord kan ons help in ons eie soeke na identiteit en die dieper reis na die groter lewensvraag wat elke mens moet beantwoord: ***Hoekom is jy?***

Ek is nie.
Johannes antwoord die kerkleiers met seker een van die moeilikste woorde in enige taal: ***Nee***. *Ek is nie,* sê Johannes op elke vraag wat die status quo tot hom rig.

Ek beny Johannes se vermoë om hierdie gesaghebbende, invloedryke, magtige, aanloklike, kans-van-'n-leeftyd versoekings van die hand te wys met so 'n helder goed geformuleerde nee.

Maar 'n nee bring jou ook net sover. Die vraag bly steeds hang in die lug:

Wie is jy Johannes?

So gebou en so laat staan.
Baie mense sukkel om die eerste lewensvraag behoorlik te beantwoord. Dit is soos om ’n huis met ’n slegte fondasie te bou. Só ’n huis kom nooit klaar nie. Jy kan dit selde vir lang tye verlaat, want as jy terugkeer het die dak alweer gelek.

Richard Rohr waarsku ook dat baie mense tevrede is om hul hele lewe lank hul slegs besig te hou met hierdie lewensvraag, selfs al het hulle dit reeds behoorlik beantwoord. Hy sê dit is soos om ’n huis te bou met slegs ’n fondasie, ’n kelder, mure en ’n dak.

Só ’n lewe bou baksteen op baksteen, muur op muur, met deure met groot slotte. So ’n lewe is agterdogtig oor al die inkommers en voel gou bedreig. So ’n lewe verkies strate met huise wat almal eners lyk. So ’n lewe vermy die dieper lewensvrae, met ’n agterdogtige:

Wie dink jy is jy?

Die wildernis roep.
Maar hoe gouer jy eerlik jouself in die oë kan kyk en vrede maak met wie jy is, ***sal jy leer dat jou geestelike huis meer is as net bakstene en beton.*** Jy kort ook ’n heilsame kombuis met ’n vuurherd wat warm brand, ’n gasvrye leefkamer met ’n lang tafel, genoeg sonhoekies vir stille nadenke, ’n slaapkamer vir sabbat en die lekker van die liefde, asook ’n ruim gastekamer vir die pelgrims op jou lewenspad.

Eers dan sal jy die vensters van jou siel kan oopmaak vir die roepende stemme in die wildernis. En só is Johannes die wildernis in met ’n goed gevestigde wete oor wie hy is. Die wildernis was nie die plek waar hy homself gaan vind het nie, want die wildernis help jou met die tweede helfte van die lewe se vraag. En dit is hoekom die vrae en versoekings van die status quo hom nie van stryk af kon bring nie.

Minder jy, meer Hy.
So belangrik soos wat dit is om te weet wie jy is, is dit nog belangriker om in die woestyn te sterf aan jouself. Sodat jy, in die woorde van Johannes die Doper minder kan word, sodat Hy kan meer word. *En dit is die uitnodiging van die tweede helfte van jou lewe.*

Die eerste helfte se lewenstryd is met die duiwel. Soms wen jy, soms wen hy.

Die tweede helfte se stryd is met God en gelukkig wen God altyd.

Dit los jou mank in die heup, maar met ’n nuwe naam.
Dit neem jou van selfbewus na sielvolle bewustelikheid.
Dit bevry jou om jouself gedurig te bewys, want by Hom hoef jy net jouself te wees.
Sodat jy met jou hele self in die rigting van die Lam sal wys.

Vir dieper nadenke

- *Die soeke na die ware self loop nie op ’n reguit pad nie. Dis ook nie ’n doolhof in die donker nie. Maar eerder ’n labarint in die woestyn.*

- *Johannes die Doper se identiteit het nie in ’n vakuum gevorm nie. Lees gerus Lukas 1:67-90 oor die waarde van familie en geloofstradisie in die “groei en sterk word” van die ware self.*

- *Johannes se woorde “Ek is (nie)” is dieselfde Griekse uitdrukking as Jesus se “Ek is” uitsprake in die Evangelie van Johannes. Dit is nie ’n minderwaardigheidskompleks nie, maar ’n vryheid in homself oor wie hy in Jesus is.*

Vrede en lig.
(FR)